testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2018

# GRAAD 11

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 2**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

**13 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**Vraestel 2**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in jou ANTWOORDBOEK:
   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die nommer van die vraag bo-aan die antwoord.
5. Lees die vrae sorgvuldig en begin elke antwoord op ŉ NUWE bladsy.
6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.
7. Laat 2 – 3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde ooreenstem met die kognitiewe vereistes van die vrae.
9. Gebruik slegs blou of swart ink.
10. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die reaksie van die hoeveelheid gevra van ŉ bepaalde goed teen veranderinge in die prys van ŉ verwante goed word na verwys as ... elastisiteit.

A prys
B inkomste
C aanbod
D kruis

1.1.2 Baie maatskappye wat heterogene produkte verkoop, staan bekend as ...

A monoplieë.
B oligopolieë.
C monopolistiese kompetisie.
D volmaakte kompetisie.

1.1.3 Die prys van ŉ goed of diens, in terme van ŉ ander goed of diens, is ŉ ... prys.

A relatiewe
B absolute
C vaste
D veranderlike

1.1.4 Roomys en roomyshorinkies / keëls is ... produkte.

A substituut
B komplementêre
C homogene
D heterogene

1.1.5 Die owerhede subsidieer basiese dienste soos ... aan die armes om armoede te verlig.

A onderwys
B watertoevoer
C gesondheidsorg
D polisiedienste

1.1.6 Die verandering van wette, regulasies of gebruike rakende grondbesit om herverdeling van landbougrond toe te laat, staan bekend as ...

A grondhervorming.
B grondrestitusie.
C landgryp.
D grondgebruik.

1.1.7 Afrika word gesien as deel van die ...

A ontwikkelde wêreld.
B Noordelike verdeling.
C ontwikkelende wêreld.
D eerste wêreld.

1.1.8 Ontbossing in tropiese gebiede is ’n probleem omdat dit ...

A ’n gevaarlike toename in biodiversiteit veroorsaak.
B veroorsaak dat minder koolstofdioksied uit die atmosfeer geabsorbeer word.
C veroorsaak oorbevolking in die tropiese gebiede.
D veroorsaak dat meer koolstofdioksied word uit die atmosfeer geabsorbeer.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Pryselastisiteit van aanbod | A Verander wanneer die totale uitsette verander |
| 1.2.2 Substituut | B Om die vrylating van koolstofdioksied te verminder |
| 1.2.3 Veranderlike koste | C Die voorraad bates wat die omgewing bied, soos grond en water |
| 1.2.4 Armoede-gaping | D ’n Elastisiteitskoëffisiënt groter as 1 |
| 1.2.5 Landelike gebiede | E ’n Lae bevolkingsdigtheid en baie van die grond is aan landbou toegewy |
| 1.2.6 Absolute voordeel | F Alle vervaardigde hulpbronne soos masjinerie en gereedskap |
| 1.2.7 Die Kyoto-protokol | G Goed wat deur ander soortgelyke goedere vervang kan word |
| 1.2.8 Natuurlike kapitaal | H Kom voor wanneer ’n land meer van ’n produk kan produseer as ’n ander land wat dieselfde hoeveelheid hulpbronne gebruik |
| | I Meet die tekort aan inkomste wat benodig word om die inkomste van ’n baie arm persoon tot by die armoedegrens te laat styg (8 x 1) |

(8)

1.3 Identifiseer die term wat beskryf word deur elk van die volgende stellings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

GEEN afkortings en akronieme mag gebruik word nie.

1.3.1 ʼn Term wat gebruik word om die hoeveelheid tevredenheid uit te druk wat ʼn verbruiker ontvang uit die verbruik van ʼn goed of diens.

1.3.2 Produkte van presies dieselfde soort (identies, gestandardiseerd)

1.3.3 Die geleentheidskoste vir die gebruik van die eienaar se persoonlike hulpbronne in die produksie van goedere en dienste

1.3.4 Meet armoede deur die uitgawes te bepaal wat nodig is om ʼn voorafbepaalde minimumvlak van voeding te koop

1.3.5 Beperk die hoeveelheid van ʼn produk wat ingevoer kan word

1.3.6 Om die omgewing so te bestuur dat dit beskerm sal word teen verandering (6 x 1) (6)

**AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van nut. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe vind onvolmaakte markstrukture plaas? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




2.2.1 Beskryf die vorm van die individuele besigheid se vraagkromme. (1)

2.2.2 Noem die markprys in die grafieke hierbo. (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks wat *langtermyn-koste* van 'n besigheid is. (2)

2.2.4 Hoekom is 'n besigheid in die volmaakte mark 'n prysnemer? (2)

2.2.5 Hoe word die prys van 'n volmaakte mark oor die langtermyn beïnvloed? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Hoe inkomste en prysveranderinge die vraag beïnvloed**

Wanneer ekonome ons vertel dat die vraag na basiese voedselprodukte 'onelasties' is, word dit dikwels verkeerd verstaan dat die vraag nie daal as voedselpryse verhoog word nie.

In werklikheid beteken dit net dat die hoeveelheid gevra, met 'n kleiner persentasie as die styging in pryse sal afneem.

Benewens die reaksie van vraag na prysveranderings (pryselastisiteit), beïnvloed verandering in inkomste die gevraagde hoeveelhede (inkomste-elastisiteit).
As vraag met 'n hoër persentasie afneem as die styging in pryse (elastiese vraag), sal bruto inkomste afneem; as die hoeveelheid aanvraag met 'n laer persentasie afneem, sal bruto inkomste verhoog.

[Bron: *Farmer's weekly;* 5 Februarie 2018]

2.3.1 Gee EEN rede hoekom voedsel 'n onelastiese vraag het. (1)

2.3.2 Noem EEN voorbeeld van normale goedere. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *inkomste-elastisiteit.* (2)

2.3.4 Sal 'n produsent met 'n eenheidselastiese vraag, prys gebruik om sy winste te verhoog? Verduidelik. (2)

2.3.5 Waarom is die vraagelastisiteit van belang vir die ekonomie? (4)

2.4 Verduidelik die verhouding tussen die goederemark en die faktormark.
(2 x 4) (8)

2.5 Gebruik 'n goed-benoemde grafiek en verduidelik hoe die vraagkromme van melk sal reageer as die prys van koffie afneem. (8)
**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE van die millennium ontwikkelingsdoelwitte. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter impak het MIV / Vigs op armoede? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

***Die Handelsagenda***




'GELYKE SPEELVELD'

[Bron: *http://www.herinst.org/BusinessManagedDemocracy/government/trade/index.html*]

3.2.1 Noem EEN hooffunksie van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO). (1)

3.2.2 Hoekom word die VSA gesien as 'n eerstewêreld-land? (1)

3.2.3 Omskryf kortliks die term *handelsooreenkoms*. (2)

3.2.4 Hoekom is handelsversperrings sleg vir die ekonomie van 'n land? (2)


3.2.5 Hoe sal die storting van Amerikaanse hoenders in Suid-Afrika, die plaaslike hoenderboere beïnvloed? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Suid-Afrika se Welsyn suksesverhaal: Armoede-verminderende Sosiale Toelaes**

Ten spyte daar van dat Suid-Afrika as 'n middel-inkomste land geklassifisseer word deur internasionale standaarde het Suid-Afrika 'n progressiewe sosiale sekerheidstelsel. Suid-Afrika se maatskaplike toelaagnetwerk het gegroei tot die grootste in die ontwikkelende wêreld.

**Die groei van werklike inkomste met en sonder toelaes**




| | 2nd | 3rd | 4th | 5th |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| Inkomste met toelaes | -0.62% | -0.67% | -0.67% | -0.41% |
| Inkomste sonder toelaes | -11.8% | -7.0% | -3.9% | -2.0% |

[Bron: *Eie berekeninge met gebruikmaking van GHS 1995 + GHS 2010 data*]

3.3.1 Verskaf 'n rede hoekom Suid-Afrika as 'n middel-inkomste land beskou word. (1)

3.3.2 Waar kry die regering die fondse om maatskaplike toelaes te betaal? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *absolute armoede.* (2)

3.3.4 Hoe beïnvloed die betaling van maatskaplike toelaes die inkomste van arm mense? (2)

3.3.5 Hoe beplan die regering om die uitdagings van vroue in landelike gebiede aan te spreek? (2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik hoe die gebrek aan produktiewe hulpbronne en die gebrek aan opleiding en behoorlike vaardighede armoede veroorsaak. (2 x 4) (8)

3.5 Evalueer die effek van globalisering op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van besoedeling. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom is die hoeveelheid gevra van gewoontevormende produkte se prys onelasties? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

| Prys | Hoeveelheid | Totale Inkomste | Marginale Inkomste | Totale Koste | Wins / verlies |
|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 1 | 8 | | 20 | |
| 8 | 2 | 16 | **A** | 25 | |
| 8 | 3 | 24 | | 28 | |
| 8 | 4 | 32 | | 30 | **B** |
| 8 | 5 | 40 | | 35 | |

4.2.1 Identifiseer die markstruktuur wat in die tabel hierbo verteenwoordig word. (1)

4.2.2 Gee die formula om totale Inkoste te bereken. (1)

4.2.3 Omskryf kortiks die term *marginale inkomste.* (2)

4.2.4 Stem jy saam dat die waarde van die gemiddelde inkomste R8 is? Motiveer jou antwoord. (2)

4.2.5 Bereken die waardes van **A** en **B**. Wys alle berekeninge. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Ten spyte van baie beduidende ontwikkelingswinste wêreldwyd, wat baie miljoene mense uit absolute armoede opgehef het, is daar aansienlike bewyse dat ongelykheid tussen die rykste en armste lande in die wêreld uitbrei. In 1820 was Wes-Europeërs se per kapita-inkomste drie keer groter as Afrika, maar teen 2000 was dit dertien keer groter.

[Bron:Aangepas uit *www.rgs.org/aschools*]

4.3.1 Noem EEN kontinent wat in die uittreksel genoem word. (2)

4.3.2 Gee EEN metode wat geruik word om inkomste ongelykheid te bepaal. (1)

4.3.3 Verduidelik kortliks die konsep *per kapita-inkomste.* (2)

4.3.4 Onderskei tussen ryk en arm lande in terme van die vlak van ontwikkeling. (2)

4.3.5 Hoe, dink jy, kan ongelykheid tussen ryk en arm lande verminder word? (4)

4.4 Onderskei tussen *natuurlike* en *kunsmatige* monopolieë. (2 x 4) (8)

4.5 Evalueer hoe 'n vergelykende voordeel in die vervaardiging van vrugtesappe Suid-Afrika bevoordeel. (8)

**[40]**

**AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ʼn Goeie vertrekpunt sal wees om ʼn konsep of sleutelwoord te definieer wat in die vraag voorkom.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te steun.<br>• Moenie enige deel van die vraag in die liggaam insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam insluit nie.<br>• Moenie in die inleiding sê wat jy in die liggaam gaan bespreek nie. | Maks. 2 |
| **Liggaam**:<br>**Hoofdoel:** Bespreek uitvoering / In diepte-bespreking / Beskou / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Beoordeel / Debateer<br><br>**Addisionele deel:** Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Vertolk / Debateer kortliks | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slotsom**<br>• Die slotsom is ʼn samevatting van die onderwerp in die liggaam en moet as ʼn hoërorde-respons hanteer word.<br>• Die slotsom kan die vorm van ʼn eie mening, voorbeelde om jou bespreking te ondersteun of ʼn teenstrydige standpunt wees van wat bespreek is.<br>• Geen aspek van óf die inleiding óf liggaam moet in die liggaam ingesluit word nie. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die kenmerke van ʼn oligopolie uitvoerig. (26 punte)
- Verduidelik aan die hand van ʼn grafiek waarom oligopoliste huiwerig is om oor pryse mee te ding. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Verduidelik volledig die stand van die omgewing. (26 punte)
- Evalueer die welslae van Suid-Afrika met die beskerming van die omgewing. (10 punte) **[40]**

**AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**